22/04/2018

JOHANNES 19:38-20:10 = OPSTANDING (Van tragedie tot triomf!)

#**SKRIFLESING:** Johannes 19:38-20:10, Psalm 31:8-9, 1 Petrus 5:10 & Romeine 8:28
(Die sg "ander dissipel" is Johannes, skrywer v/d Evangelie, een v/d 12)

#**PREDIKING=INLEIDING:** Jongmense kan nogal báie tyd bestee aan die gesels oor/koop van klere. Ek meen die regte *"brand"* is NB! 'n Paar jaar gelede het ek gehoor 'n *"with-it"*-tiener dra *Reebok* tekkies, *Lacoste* skoene, 'n *Levi* jean en 'n *Nike* top. Déésdae se *"brands"* is 'n *Polo* top, *Country Road* chinos en *Nike* skoene (verder *Old Khaki, K Way*, ens/ens)...

Maar ek wonder of ons jongmense weet o***upa/ouma-hulle het al 80 jaar gelede óók seker gemaak hulle dra die "régte klere", maar dan nie sokkies/"jols" toe nie, maar gráf toe!*** Ja, ons seniors het séker gemaak hulle kinders wéét watter "doodsklere" wil hulle aanhê wanneer hulle begrawe word. ***Nou wonder ek wie van ons sal vanoggend ópgewonde wil saamgesels oor dóódsklere?Nie baie nie, glo ek, want dít is 'n neerdrúkkende onderwerp - spel tragdie.***

+**OORGANG:** B/S in die HJX, die apostel Johánnes was egter 'n uitsondering. Praat jy "een-dag" met hóm oor doodsklere, ***sal hy jou ópgewonde vertel dóódsklere is vir hóm 'n simbool van triómf/oorwínning! Eérs was dit 'n teken van tragedie/dood, láter 'n teken van léwe!***

Nou's die vraag: ***Kan dít ook waar wees/word in my/ons lewe/-ens: Dat simbole/tekens van tragedie/dood kan veránder in simbole/tekens van hóóp/léwe!*** Immers - ons almal word die een-of-ander-tyd deur tragedie/dood gekonfronteer.Trouens, mag ek vra - wat se "simbole van tragedie" het jy al ontvang: 'n Kind op die grens se "dogtag", 'n ID-armband v/d hospitaal af, 'n litteken aan jou lyf, 'n dagvaarding v/d hof af = egskeidingsbevel (ens)? Kan sulke dinge in iets goeds verander? Hoe vêr strek die belofte van **ROM 8:28 = "Ons weet dat God *alles* ten goede laat meewerk..."**? Sluit **"alles"** ook die volgende in: Tumors/terminale diagnoses, bankrotskappe, verwerping (ens)?.. B/S, ***Johannes sal bevéstigend antwoord. Ter illustrasie sal hy ons terugneem na een spesiéfke naweek in die geskiedenis...***

+**EKSEGESE&TOEPASSING:** Lees ons **JOH 19:38-40**, besef ons Josef van Armitea en Nikodmus het gekom om Jesus te dien. Toe Hy gelewe het, was hulle huiwerig, maar nou met sy dood was hulle dapper. Daar stap hulle met Jesus se gebroke liggaam ***in grafdoeke toegedraai***. (Terloops: Johannes noem dat Nikodemus 'n balsemmengsel van ongeveer 50*l* berei het. Só hoeveelheid normaalweg nét vir konings gebruik) B/S, Johannes was 'n ooggetuie hier-van - soos met tálle ander dinge die afgelope drie jaar sedert hy sy vissersberoep gelos en dié "Skrynwerker van Nasaret" begin volg het (**MATT 4:18-22**). 5 dae gelede het hy 'n "parade" bygewoon waar dié Man deur Jan Alleman tot Koning verklaar is met sy intog in Jerusalem. En hier word dié "Koning" se gebroke liggaam in doodsklere weggedra vir sy begrafnis. ***Aai, kan dinge só drasties verander...***

Dit bring ons by die realiteit van ons eie situasies. Ons stap die pad met JX. Hy is Koning van/in ons lewens = alles onder beheer, inderdáád **'n "lewe in oorvloed" (JOH 10:10)**... ***En skiélik is dit nág:*** 'n Ongeluk met lewensverlies, die ontdekking van 'n lewensmaat se buite-egtelike verhouding, 'n egskeidingsbevel, die balju by die plaashek met 'n beslagleggingsbevel, 'n grond-/restitusie-eis, ens/ens. ***En die krisis is júís geleë in die oomblíklikheid daarvan = dit word/is "oornág nag"...***

*Terug by Johannes: ***Wat het Johannes gedoen toe hulle sy vriend/Koning wegdra?*** Ons weet glad nie - geen enkele woord in Bybel oor sy Saterdag-aktiwiteite nie. Wat ons wél weet, is dat toe Sondag aanbreek, was hy steeds in die omgewing. Toe Maria Magdalena na hom

soek, het sy hom gou gekry... Hóékom het hy nie padgegee nie? Mens sou dink dat hy sou padgee. Want wie sê die mense wat Jesus gekruisig het, gaan nie nóg een v/d Rebel se volgelinge wil kruisig nie? Verder - NB: **JOH 20:9 = "Hulle (Hy) het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moet opstaan nie."** Maw: Wat ek/julle vandág weet (dat Jesus moes sterf, sodat Hy kon opstaan en Satan só finaál oorwin), het Johannes tóé nié geweet nie! Nie daar "rondgehang", omdat hy geweet het Jesus gaan opstaan nie... Wéér vraag - hóékom nie padgegee nie? Kan bloot spekuleer/afleiding maak: ***Dálk weens sy besóndere verhouding met JX/agv sy liefde vir sy Vriend. Immers, hy was daaraan gewoond om naby Jesus te wees:*** In die bo-kamer, die tuin van Getsemané, aan die voet v/d kruis... *Het hy* Jesus régtig *verstaan?* Néé! *Was hy bly* oor wat Jesus toegelaat het (dat die kerkmense Hom so verinneweer)? Néé! ***Maar het hy pádgegee? Néé!*** Dus: ***Sy reaksie midde sy oornag-krisis? Hy het in die HJX se "teenwoordigheid" gebly/bly talm.***

*En ons: Sou ek/julle ook daar getalm het? ***Hoe reageer ons wanneer dit "Sáterdag" in ons lewens word? As jy vasgevang is tussen gister se tragedie en môre se triomf - wat doen jy? Gee jy pad van God af, omdat jy voel Hy't jou te ná gekom? Of tálm jy óók maar naby Hom/in sy teenwoordigheid rond - al maak níks sin nie?...*** Johannes het verkies om te talm. ***En omdat hy daardie Saterdag in die Seun van God se teenwoordigheid getalm het, was hy die Sondag in die omgewing om die wonderwerk te aanskou!***

*Vgl ***grafdoeke/doodsklere-kwessie*** **(20:5-8)**; die oorspronklike Grieks help ons hier. Johannes gebruik hier 'n term wat beteken "opgerol/nog in hulle voue". Maw: Die grafdoeke was nie afgeruk en neergegooi nie, maar netjies opgevou in hul oorspronklike voue. Johannes het dádelik geweet dat indien dit vriende/vyande was wat die liggaam verwyder het, sou hulle nié die doodsklere só presies opgevou het nie. Daarom dat **20:7b-8** sê toe Johannes dít sien, het hy geglo Jesus hét opgestaan! Aangrypend, ***die 3-dae terug se simbole van tragedie, word simbole van triomf!***

*Bruid v/d Bruidegom, ons glo in die ópgestane/léwende Here wat grafdoeke/doodsklere gebruik het om léwe te verkondig = om 'n lewe te verander. Klink effe vreemd, nie waar nie?.. Maar God is nogal geneig tot súlke praktyke. Kyk 'n bietjie: ***In sy hande word*** *leë wynkanne* ***by 'n huwelik 'n simbool van krag.*** *Die (armsalige?) muntstuk van 'n weduwee* ***word 'n simbool van toewyding.*** *'n Instrument v/d dood (kruis)* ***word 'n simbool van sy liefde*** (ens/ens).

*Nou's die vraag: ***Kan God iets soortgelyks in my/julle lewens doen?*** Kan Hy dít wat *vandag* in my lewe 'n simbool van tragedie is, omskep sodat dit *môre* 'n simbool van triomf is? Verséker - 1000x já! Hy belówe dit dan - vgl **ROM 8:28**! Vroeër gesê: ***"As jy vasgevang is tussen gister se tragedie en môre se triomf - wat doen jy?"*** Impliseer 'n definitiewe wonderwerk/ ommeswaai. **SPR 30:5 = "*Elke belofte van God is betroubaar;* Hy beskerm die wat by Hom skuil."** Doen 'n oefening - vervang woordjie **"alles" (ROM 8:28)** met jóú krisis: **"Ons weet dat God** *hospitalisasie/plaasbesettings/finansiële krisisse/verwerping* **ten goede laat meewerk..."** NB: ***Belofte geld vir diégene wat Hom liefhet, op wie se lewens JX se "vingerafdrukke sigbaar is."*** By Hom **"skuil" (SPR 30:5b)**? ***Tálm in sy Teenwoordigheid!***..

+**SLOT:** Dood is aan die werk rondom ons = TV/dagpers laat sy geur versprei. Hóé moeilik dit ook al mag wees: ***Onthou dat jy dalk net 'n Saterdag weg kan wees van 'n opstanding in jou lewe!*** **EFES 1:18-20**, opstandingskrag in ons aanwesig. ***Van tragedie na triomf!*** Wónderlike is: ***In nuwe Jerusalem, net één "brand" - brúilofsklere!*** Amen! (...\Preke\Opstanding\Joh20v7a)